# 12 September 2023 - Lesing 124 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Begrip vir die geestelike probleem van die Menswording van God – 30/1/60

**NO: 7511** Die probleem van die menswording van Elohim in JaHshua Messias kan aan elke mens duidelik gemaak word, **wanneer hy die onderrig van My Woord wat aan julle gestuur is uit die hoogte, vir homself bedien.**

Maar of dit begryp sal word, is afhanklik van die wil van diegene wat onderrig word, volgens sy sielerypheid, **van watter graad sy liefde is** wat hom die korrekte begrip daarvoor sal gee.

Want die kennis wat hy aanneem, is nie deurslaggewend of hy tot die probleem sal deurdring nie, maar wel **die bereidheid van sy siel**, wat 'n sekere voorbereiding moet hê om haarself positief te kan instel teenoor die goddelike Verlosser JaHshua Messias, **Wie My in alle volheid bevat het toe Hy op aarde gewandel het.** En hierdie voorbereiding van die siel word tot stand gebring **deur die liefde**, wat gelyk is aan 'n **helder Lig** wat die siel deurstraal en verlig.

Om die menswording van God duidelik te maak is die opwekking van die gees nodig, beide van hom wat onderrig asook van hom wat onderrig moet word, want 'n mens by wie die gees nog nie gewek is nie, is ook nog heeltemal blind en hy sal dit nooit verstaan nie, selfs wanneer dit volgens waarheid aan hom uitgelê sou word. Daarom is daar onder die mense ook so weinig begrip aan te tref vir die probleem, asook vir die verlossingswerk van JaHshua Messias, omdat maar weinig mense in staat is om self 'n korrekte voorstelling daarvan te maak, **juis omdat die gees nog nie by die meeste mense gewek is nie**.

En so beskou die meeste My menswording slegs vanuit die oogpunt dat Ek die mens JaHshua vermoëns verleen het wat Sy ongewone werksaamhede moontlik gemaak het. **Hulle sien dus JaHshua slegs as mens met hoë etiese mikpunte en ongewone vermoëns,** maar dat die ewige Godheid Homself in hierdie mens opgehou het, is vir hulle onbegryplik en daarom ook nie geloofwaardig nie.

Daarom sal hulle vir hulself ook meestal onder "JaHshua Messias" en "God" **twee begrippe** voorstel, waaruit dan die verkeerde leer van een Godheid in drie persone ontstaan het, wat ook nie so maklik ontsenu kan word nie, omdat die opwekking van die gees 'n voorvereiste is vir die korrekte begrip en dit weer slegs gewek kan word **deur 'n lewe in liefde**, - maar die liefde het verkoel onder die mense, soos wat dit duidelik sigbaar is in die laaste tyd voor die einde.

En tog is die korrekte begrip so nodig om julleself as mens **heeltemal aan JaHshua Messias oor te gee**, om My in Hom te herken en te erken en om daardeur die sekerheid te hê om die ewige lewe te bereik, want: "**Wie in My glo, het die ewige lewe**"

Daarom moet die mense eerstens hulle bes doen om in die liefde te lewe, **dan kan My suiwer Woord aan hulle gestuur word** en dan sal elke problem maklik ogelos kan word en verstaanbaar wees wat dan deur die mense in My Naam voorgehou word.

En die liefde op aarde is maar swak ontvlam, en daarom word daar ook soveel dwaling verdedig, daarom is daar soveel onbegrip te vinde, nieteenstaande die toestuur van die suiwer Waarheid van bo.

**Want as die vlammetjie van die liefde nie eers die menslike hart verlig nie, kan die waarheid geen vaste voet kry nie** en is sy dan vir die mense net so onbegryplik as verkeerde leerstellings wat probeer om al hierdie probleme op 'n verkeerde manier op te los. Die mens kan dan ook nie die waarheid van dwaling onderskei nie, **wat egter vir hom maklik sou gewees het, indien hy 'n gewekte Gees gehad het**, wanneer hy **deur 'n lewe in liefde** in staat sou wees om die stem van sy gees in homself te hoor, wat sy denke dan sou open en korrek lei.

Steeds is dit die liefde wat beslissend is en steeds sal 'n mens wat in die liefde leef, ook volledige begrip vind vir alles wat daarmee saamhang, **maar sonder liefde sal hy blind wees in die gees en die helderste onderrigting sal geen nut hê nie**, omdat hy dit nie kan begryp nie.

Doen daarom **eers** julle bes om 'n lewe in liefde te lei en **begeer dan die waarheid** en dan sal sy helder en verstaanbaar aan julle gestuur word, want julle **ontvang dan van binne kennis** wat julle die helderste Lig sal gee, wat julle sal begryp en wat julle gelukkig sal maak en julle **sal ook in die regte verhouding te staan kom met JaHshua Messias** en deur Hom ook met My, **Wie My in die mens Jesus beliggaam het** en die erkenning van Hom ook 'n erkenning van Myself is, wat julle eendag na die geluksaligheid sal lei, terug na My in julle Vaderhuis. Amein.